AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

BCom Bestuursrekeningkunde

NKR-vlak 7 | 370 krediete | SAQA ID: 94806

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005

*Die **BCom-graad in Bestuursrekeningkunde** bemagtig die student om die beginsels van bestuursrekeningkunde te verstaan en om dié beginsels in die praktyk te verstaan.*

Hierdie kwalifikasie rus studente toe met kennis en vaardighede in beginsels en praktyk van bestuursrekeningkunde, finansiële bestuur, finansiële rekeningkunde, bedryfsetiek en ondernemingsbestuur.

Toelatingsvereistes

Umalusi-gesertifiseerde Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) wat graadtoelating soos volg spesifiseer:

- Minstens 40% in die onderrigtaal van Akademia
- Verpligtend: Wiskunde – 50% en Rekeningkunde – 50% (Graad 12-skoolvlak)
- Minstens 'n 4 (50-59%) in elk van vier erkende NSS 20-kredietvakke (waarvan ten minste een Engels of Afrikaans moet wees) uit die lys van aangewese hoëronderwystoelatingsvakke behaal
- OF 'n vlak-4 beroepsgerigte NSS gesertifiseer deur Umalusi met ten minste 60% in drie fundamentele vakke waarvan die onderrigtaal van die instansie een is

  EN ten minste 70% in die drie verpligte beroepsgerigte vakke uit die lys van aangewese vakke
- OF 'n Hoër Sertifikaat in 'n ekwivalente studieveld
- OF 'n Gevorderde Sertifikaat in 'n ekwivalente studieveld
- OF 'n Diploma in 'n ekwivalente studieveld

Tydsduur van program

Die program kan in 'n minimum van drie jaar voltooi word. Die maksimum toelaatbare tyd vir voltooiing is sewe jaar.

Kontaksessies (na-ure)

Kontaksessies en e-leer-tutoriale is verpligtend en word by studiesentrums aangebied soos in die Belangrike Datums 2019-dokument vervat.

Studente woon deur die loop van die jaar elf kontaksessies per module by die studiesentrum van hulle keuse by, en moet ook elf e-leer-tutoriale op die studenteportaal (die Spens) voltooi. Die deelname aan tutoriale word gemonitor en maak deel uit van die verpligte klasbywoningvereistes.

Assessering

Formatiewe assessering

Deurlopende assessering – 40% van finale punt

- Twee werkopdragte per module: hierdie twee werkopdragpunte word gebruik in die berekening van die jaarpunt wat eksamentoelating bepaal.
- Twee toetse per module: hierdie twee toetspunte word gebruik in die berekening van die jaarpunt wat eksamentoelating bepaal.

'n Minimum jaarpunt van 40% moet behaal word vir eksamentoelating.

Summatiewe assessering

Samevattende finale assessering – 60% van finale punt

Daar word twee eksamens (halfjaar en eindjaar) per module geskryf.

Studiekostes vervolg op rugkant

AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

BCom Bestuursrekeningkunde

NKR-vlak 7 | 370 krediete | SAQA ID: 94806

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005

Programkoste

Studente kan vir 'n minimum van drie modules inskryf, waarvan een 'n hoofmodule moet wees

Eerstejaarmodules	Kode	Krediete	Koste
Bestuursrekeningkunde 1*	GMA105	25	R7 120
Finansiële Rekeningkunde 1*	GFA105	25	R7 120
Etiek, Korporatiewe Bestuur en Sakereg	GEG105	25	R4 670
Ekonomie 1	GAE105	20	R4 670
Elementêre Kwantitatiewe Metodes	GQM105	15	R6 890
Finansiële Bestuur 1	GFM105	15	R4 670
		125	**R35 140**

Tweedejaarmodules			
Bestuursrekeningkunde 2*	GMA206	25	R7 120
Finansiële Rekeningkunde 2*	GFA206	25	R7 120
Ouditkunde	GAD206	25	R6 890
Ondernemingsbestuur 1	GEP206	25	R6 890
Belasting 1	GET206	25	R6 890
		125	**R34 910**

Derdejaarmodules			
Bestuursrekeningkunde 3*	GMA307	30	R9 220
Finansiële Rekeningkunde 3*	GFA307	30	R9 220
Ondernemingsbestuur 2	GEP307	30	R8 230
Finansiële Bestuur 2	GFM307	30	R8 230
**Hoofmodules van program*		**120**	**R34 900**

Aansoekgelde

Nie terugbetaalbaar of ingesluit by programkoste nie.

Nuwe aansoeke (voornemende studente)	R250
Laat herregistrasie (huidige studente)	R500

Betaling van studiegeld

Daar is twee betalingsopsies:

- **Opsie 1:** Volle studiegelde betaal teen 31 Januarie 2019.
- **Opsie 2:** Na betaling van die registrasiefooi (R7 500) kan die student 'n afbetalingsooreenkoms met Akademia sluit, waarvolgens afbetaling van die oorblywende studiegelde (minus die registrasiefooi) van einde Februarie tot einde Junie onderskeidelik met een vyfde per maand vereffen moet word.

Rekeningbesonderhede

Bank	FNB
Rekeningnaam	Akademia
Rekeningtipe	Belegging
Rekeningnommer	62333881143
Tak	Centurion (261550)

Gebruik identiteits- of studentenommer as verwysing

Vir meer inligting skakel 0861 222 888 of stuur 'n e-pos aan navrae@akademia.ac.za